Helpmekaar Kollege

30 Mei

NUUSBRIEF 10

RUGBY

Dertien rugbyspanne het op 17 Mei die langpad Nelspruit toe aangedurf en skitterend gevaar teen die manne daar.

HELPMEKAAR		NELSPRUIT
22	Eerstes	13
17	Tweedes	14
11	Derdes	7
12	Vierdes	25
35	o.16 A	7
26	o.16 B	10
7	o.16 C	29
10	o.15 A	14
21	o.15 B	17
67	o.15 C	0
59	o.14 A	7
36	o.14 B	12
27	o.14 C	5

Op Saterdag, 24 Mei het ons by EG Jansen ons staal op die veld gewys, deur elf van die 13 wedstryde te wen.

Alle rugbyfoto's:

HELPMEKAAR		EG JANSEN
35	Eerstes	15
40	Tweedes	19
22	Derdes	7
39	Vierdes	5
48	o.16 A	14
17	o.16 B	12
29	o.16 C	17
36	o.15 A	10
0	o.15 B	19
10	o.15 C	26
31	o.14 A	10
10	o.14 B	8
26	o.14 C	19

GILBERT
ADT
ADT
SAFARI

King Price
SAFARI
OUTDOOR

HELPMEKAAR VS MONNAS

31 MEI 2025

@ Monnas

TYD	SPAN	VELD
08:00	o.14 A	A-veld
08:00	Derdes	B-veld
08:00	o.16 C	C-veld
08:00	o.14 D	D-veld
09:00	o.16 B	B-veld
09:00	o.15 C	C-veld
09:00	o.14 C	D-veld
09:05	o.15 A	A-veld
10:00	Vierdes	B-veld
10:00	o.14 B	C-veld
10:10	Tweedes	A-veld
11:00	o.15 B	B-veld
11:20	o.16 A	A-veld
12:30	Eerstes	A-veld

HOKKIE

Baie geluk aan al die Suid-Gauteng-hokkieverteenwoordigers.

Voorste ry: Mila Botma (o.14C), Cari Kapp (o.14D), Taylem Casanoves (o.14B), Joane Greyling (o.16C), Fransien Els (o.16B), Marjuné Loggenberg (o.16A), Juané Botes (o.16 C), Nina Els (o.16A), Anzaret Strauss (o.14B)

Agterste ry: Linathi Jacob (o.16-spanbestuurder), Luke Makeleni (o18B Hoofafrigter en SG Men's assisstent-afrigter), Cullen van Deventer (o.14 Blue), JL Venter (o.14 A), Juandré Verwey (o.18 C), Francois Langenhoven (o14 Yellow), Kristian van Gaalen (o16 Blue), Bryan Longbottom (*SG Boys schools Head of High Performance* en SA o.16-afrigter) en Kivesh Padarath (SG o.21-spanbestuurder en SA o.16 *Boys Strength and Conditioning*). Afwesig: Gabriella Hong (O.14C)

MEISIESHOKKIE

VS REDHILL
o.14 A wen 12-0
o.15 A wen 7-0
Eerstes wen 4-1

VS ST. TERESA'S
o.15 A wen 2-0
o.16 A wen 10-0
Eerstes wen 11-0

VS FOURWAYS
o.14 A wen 7-1
o.15 A wen 3-0
o.16 A wen 10-0
Tweedes wen 15-0
Eerstes wen 5-0

VS ST. ANDREWS GIRLS
o.14 A wen 4-0
o.14 B wen 5-0
o.16 A wen 1-0
o.16 B wen 2-1
Derdes verloor 0-1
Tweedes wen 3-0
Eerstes gelykop 1-1

ST MARY'S WAVERLEY
o.15 A wen 1-0
o.15 B wen 1-0
Eerstes speel vir die eerste keer ooit gelykop 0-0

SEUNSHOKKIE

VS KHS
o.14 A wen 6-0
o.16 A verloor 1-3
Eerstes wen 1-0

VS REDHILL SCHOOL
o.16 A wen 8-0
Eerstes gelykop 2-2

AITKEN AND BODEN (O.15 A)
0-3 vs KES
3-2 vs Trinity RR
2-1 vs KHS
0-8 vs Jeppe
1-0 vs St Bennies
2-3 vs St Stithians
Behaal 6de plek by Boden 2025

AITKEN AND BODEN (EERSTES)
1-1 vs St John's
6-1 vs Northcliff
5-2 vs Noordheuwel
1-3 vs KES
4-3 vs Parktown Boys
0-2 vs St Johns
Behaal 6de plek by Aitken 2025

VS BRYANSTON HIGH
o.16 C gelykop 0-0
o.16 B gelykop 1-1
Tweedes wen 2-1

NETBAL

Helpies is tops, stryd om 2de plek verskerp

By Shane Labuschagne , In Netball | News , At 2025-05-24 Tags: Florida, Helpmekaar, JOMO League, Krugersdorp High, Monument, Noordheuwel, Rand Park High, Randburg, Spar

SPAR

Met die JOMO-liga wat die pylvak inbeweeg, raak die prentjie vir kwalifikasie duideliker – en die kompetisie al hoe strawwer.

Helpmekaar het hul plek bo aan die die puntelys verstewig met twee dominante vertonings.

Hulle het eers vir **Krugersdorp** met 37–5 afgeransel in 'n eenrigtingstryd, en toe vir **Noordheuwel** met 34–20 getroef – 'n kragmeting wat verwag was om taaier te wees, maar waarin Helpies se struktuur en akkuraatheid eenvoudig té goed was vir Nories.

Met Helpmekaar nou stewig in die eerste plek, verskuif die fokus na die stryd om die tweede posisie – en dit is waar dinge werklik spannend raak.

Lees gerus die volle artikel hier.

TENNIS

Die o.15-seuns het aan Michaelhouse se rakketfees, waar hulle onder andere tennis, padel, *pickleball* en tafeltennis gespeel het, deelgeneem en ‘n algehele derde plek behaal.

Hulle het Northwood, Hilton, Michaelhouse, St Andrews en St Johns in die stof laat byt en slegs teen Westville en KES die knie gebuig.

MUURBAL

Baie geluk aan **Heinu van Jaarsveld (gr. 12)** en **Juan Barradas (gr.11)** wat in die provinsiale span opgeneem is.

Baie geluk aan oud-Helpie, **Robin du Plessis (2020)** wat verlede week *Summa Cum Laude* gegradueer het met 'n *Bachelor of Science in Business Administration & Data Analysis: Project Management* by Liberty University in Lynchburg, Virginia, VSA.

SKAAK

Western Joburg Schools League

Ons Junior A-span word as die algehele wenners van dié toernooi aangewys.

Die span wat bestaan uit Freddy Rademeyer, Chris Botha, Cathri Botha, Christiaan van der Westhuizen, Janco Esterhuizen, Zelneri Moorcroft, Klara Venter en Ayden Pieterse het al hul wedstryde gewen, met o.a. ‘n oorwinning van 8-0 teen Hoërskool Linden.

Chris, Cathri, Janco, Zelneri en Klara was elk die toppuntemakers op hul borde.

Freddy Rademeyer

Chris Botha

Cathri Botha

Christiaan v.d. W

Janco Esterhuizen

Zelneri Moorcroft

Klara Venter

Ayden Pieterse

BOOGSKIET

Danielle van der Veer (gr. 12) het op 10 Mei ‘n derde plek behaal in die kompetisie by Laerskool Elspark. Helpmekaar het ‘n algehele tweede plek verwerf.



Op 24 Mei tree Helpmekaar as algehele wenners uit die stryd.

Danielle van der Veer (gr. 12) behaal ‘n tweede plek in die meisies-afdeling en **Johnty van Niekerk (gr. 10)** ‘n derde plek in die seuns-afdeling.

GET 10% DISCOUNT

Order 2 or more cases and receive 10% discount and free delivery.

Offer valid until 31 July 2025.

Wine	Vintage	Price per bottle	Price per Case (6)
Louisvale MCC Brut Chardonnay	NV	R275.00	R1650.00
Louisvale MCC Brut Rosé (Chardonnay/Pinot Noir)	NV	R275.00	R1650.00
Louisvale Chardonnay (Wooded)	2024	R270.00	R1620.00
Louisvale Chavant (Lightly Wooded Chardonnay)	2023	R200.00	R1200.00
Louisvale Unwooded Chardonnay	2023	R135.00	R810.00
Louisvale Sauvignon Blanc	2024	R135.00	R810.00
Louisvale Merlot	2021	R175.00	R1050.00
Louisvale Cabernet Sauvignon	2021	R175.00	R1050.00
Louisvale Dominique (Cabernet Sauvignon/Merlot/ Cabernet Franc)	2021	R195.00	R1170.00
Louisvale Limited Edition Cabernet Sauvignon	2020	R310.00	R1860.00
Louisvale Boris (Cabernet Sauvignon/Cabernet France/ Merlot/Petit Verdot/Malbec)	2020/2018	R515.00	R3090.00
Louisvale V Barrels Cabernet Sauvignon	2019	R540.00	R3240.00

Stone Road Range

Stone Road Sauvignon Blanc	2024	R95.00	R570.00
Stone Road Cinsault Rosé	2024	R115.00	R690.00
Stone Road Cabernet Sauvignon	2021	R95.00	R570.00
Stone Road Merlot	2022	R95.00	R570.00
Stone Road Shiraz	2020	R95.00	R570.00

Click **here** to place your orders

Discount code: **Helpies10%**

LOUISVALE

BUITESPORT

Baie geluk aan **Johnny Esterhuizen (gr. 12)** wat verkies is tot die MMA Gauteng-span wat vanaf 12 - 16 Junie aan SA's gaan deelneem.

RUITERSPORT

Die volgende Helpie-ruiters het in die top vyf in hul onderskeie kategorieë geëindig in die Q3 van Gauteng-Wes.

Minke Viljoen

Leané du Plessis

Christiaan Prinsloo

Annalou Herman

Beide Annalou en en Minke het in drie kategoriee 'n top 5-posisie beklee.

DRAMA

Ons is opgewonde saam met **Blyde Schoeman (gr. 12)** en **Hendré Henning (gr. 12)** wat deurgedring het na die Top 8 van die FAK Allegretto-monoloogkompetisie.

KRIEKET

Baie geluk aan **Anke Oosthuizen (gr. 9)** wat verkies is tot die *Indoor Cricket SA Junior Ladies Trial Squad* vir die 2026 World Series. Voorwaar ‘n puik prestasie.

Ons **winterkrieketspan** het ‘n groot oorwinning behaal in hul derde wedstryd, hierdie keer was dit die RJL Legends wat die knie moes buig.

Helpies het ‘n allemintige 256 lopies in hul 20 beurte gemoker en slegs drie paaltjies verloor in die proses.

Een van die hoofverwoestingsaaiers was Heinrich Serfontein wat laasweek se 86 lopies opgevolg het met ‘n blitsvinnige 126 van slegs 51 balle, waarna hy onoorwonne uitgetree het. Dit het agt 6'e en veertien 4'e ingesluit.

Ruvan van Zyl, met 66 van slegs 32 balle, het saam met Heinrich die grenshoue laat reën.

Toe het Jana Visagie en Walt Potgieter die meeste skade met die bal aangerig, met onderskeidelik twee en drie paaltjies elk.

Welgedaan aan mnr. Juanré en sy troepe. Voorspoed met jul wedstryde wat voorlê.

SKYFSKIET

Die Helpie-skuts het van 9-10 Mei aan die Egoli Ope by Hoërskool Florida deelgeneem.
Hier het **Nell Stegmann (gr. 11)** ‘n brons medalje verwerf vir die 10m-Presisie en **Emma Bormann (gr. 12)** het drie goue medaljes verower en is as die algehele Presisie-wenner aangewys.

Die daaropvolgende naweek het die Helpmekaar-skuts ook aan die GSSU Liga 2 deelgeneem en hier het **Alicia Foster (gr. 9)** ‘n tweede plek in die Pistoor-afdeling behaal.







AFRIKAANS

Die afgelope naweek het ’n paar Helpies en ander Afrikaansliefhebbers ’n poësie-kursus in die Odeon bygewoon. Die Hertzogpryswenner **Johan Myburg** *en bekroonde digter* **Bibi Slippers** *het kursusgangers deur hul passies geneem. Die uitgewer en skrywer* ***Marida Fitspatrick*** *het 'n binneblik oor die proses van uitgee asook die uitgewersbedryf gegee.*

Jo Prins (*Netwerk24 se boekeredakteur*)

AKADEMIE

'n Paar ***IT*-leerders** het tydens die Aprilvakansie aan die jaarlikse *AI-o*limpiade deelgeneem.

Karlie Nel (gr. 11) is nou al deur na die vierde rondte van dié olimpiade!

Karlie moes op ‘n datastel ‘n *machine learning*-model bou en leer, wat toe volgens akkuraatheid getoets is om te bepaal wie deurgaan na die vierde ronde. *Machine learning* is die basis van Kunsmatige Intelligensie. Sy moes sagteware soos *OrangeDataMining* en *Python,* waarmee sy nog nie voorheen gewerk het nie, gebruik.

Sy gaan in Julie opleiding ontvang vir die finale rondte. Die top kandidate van dié finale rondte gaan dan aan internasionale olimpiades deelneem.

Baie geluk, Karlie!
Ons hoop
jy vaar uitstekend
met die
finale rondte!

AKADEMIE

Gr.9-dramaleerders het hierdie termyn geleer om goeie teatergrimering te doen. Hier is 'n paar aksiefoto's en finale resultate.




HELPMEKAAR

MUSIEK

Die volgende leerders het aan die Trinityhouse Eisteddfod deelgeneem en die volgende punte behaal.

Sang:

Blyde Schoeman A+ en A
Kristen Stemmet A+ en A
Pascal du Toit A+ en A++
Zoe Lessing B+ en B+
Joshua Ziervogel A+ en A

Klavier:

Cathri Botha 72%
Chris Botha 70%
Jaime Theys 69%

Blyde Schoeman

Kristen Stemmet

Pascal du Toit

Zoe Lessing

Joshua Ziervogel

Cathri Botha

Chris Botha

Jaime Theys

BY VANJAAR SE SÊ-NET-FEES

KERSFEES IN DIE WINTER

SAAM MET

COENIE DE VILLIERS

22 JUNIE 2025

DATUM: SONDAG 22 JUNIE
TYD: 15:00
PLEK: IN DIE KERK
TOEGANG: R350 PER PERSOON

Sop en sjerrie na vertoning in kerksaal.

Bring ŉ geskenk (onbederfbare kos) om onder die kersboom te sit.

Bespreek nou by die kerkantoor info@aandieberg.co.za
of by Ria Slabber 082 573 8416
17 Lawleylaan, Northcliff, Randburg, 2195

| AAN-DIE-BERG *Gemeente* |